


...reedskapafdeling het so 'n tetsie vir jou
...kaar gemaak."



...PPE Effe, streep- en ruitpatrone. 11dm. x 11dm. 6d.
...WOL Buitengewoon fyn gehalte. ½-pd.-pakkie 1/6
...OPE 18dm. x 28dm. 2/6
...ARBORSELS VIR DAMES ... vervaardig 2/6
...OCK-HEMDE VAN 100% KATOEN ...UNS Matrooshals. Streeppatrone. Klein, middelslag en groot 2/11
...-KNAPBROEKIES VIR DAMES Ruim ...in eersteklas 40-draad-nylon, rekbare K.Vg. en Vg. 2/11
C.Vg. 3/6
...OP-GINGANG Goeie was-egte gehalte, ...e, nuwerwetse patrone. 36 dm. Jt. 3/6
...E KATOENFROKKIES EN ...ROEKE VIR MANS Groot 4/6, Middelslag 3/11, Klein 3/6
...OF ONDERROKKE VIR DAMES ...met 3dm. breë Nylon-borduursel. ...Vg. 8/11, G.Vg. 7/11, K.Vg. en Vg. 6/11
...RAYON-BLOESES VIR DAMES Groottes 36 tot 44 7/11
...'n goeie keuse van VUURWERK, waaronder ...nese Klappers.

...BILEUMFEES
—Saterdag 3de November.

...s ons verjaardag — gee U die geskenk!

...aal U om kontant te betaal

# GEDIGTE

## DIAMANTDIEF

*Krampagtig klem hy die*
*klippies vas*
*versnel sy pas*
*want die bloedhonde is op sy*
*spoor:*
*hy kan hul geblaf tussen die*
*struikgewas hoor.*

*Rooipeper vreet in sy nerfaf*
*voete;*
*tandeknersend volg hy 'n ou*
*bekende roete;*
*Oor Skaapvlei se beboste*
*rante,*
*vlug hy deur Welverdiend se*
*lusernlande;*

*strompelend steek hy*
*Olifantsrivier oor,*
*drafstap met horte en stote*
*al in Groenhoek se watersloote*
*langs, na Lochnersdal se*
*groot leivoor;*

*by Karoovlakte se skurwe*
*riwwe,*
*sprinkel hy die laaste bietjie*
*peper, daal na die driwwe,*
*totdat hy naak by Steilhoogte*
*se dongas uitkom,*
*waar sy Koopman wag op*
*hom.*

L. G. SHELDON.

## KWINTETTE DEUR EEN SHARIQ

*Krank is ek in my liggaam*
*meer krank diep in my gees,*
*maar Sonlig-in-my-nagte,*
*ek weet wat dit kan wees:*
*Net jy kan my genees.*

*Geen kruie van die berge*
*vir my ooit so gesond,*
*geen heuning in die korwe,*
*of vinkel in die grond*
*so heerlik soos jou mond.*
*Ek drink meer lewensoetheid*
*as Mekka-bye stook*
*en idat wat opgeborrel*
*kom in my hart oorkook:*
*Liefling, doen jy dit ook.*

*Weet dit, woestyn-verweerde*
*wat hygend soek na streling*
*van palmboomblaar-geritsel,*
*genadig die bedeling:*
*in elke kruid is heling.*

*'n Palmboomblaar is liefde,*
*Haaits! dans dan maar, my*
*hart, —*
*aanstonds deur al vier winde*
*oor die woestyn verward,*
*staan ons ook so verflard.*

*Straks sal gevlerkte sangers*
*oor die Sahara kom*
*en straks sal mooie winde*
*op onse grafte blom*
*in dood blind, doof en stom.*

*Kom dans nou met ou Shariq*
*en slaan op die tamboer*
*so hard dat ons die monde*
*van dood in lewe snoer*
*of, op tot singe voer.*

A. FOUCHE.

## HONGER

*Bang*
*vir die harde klap teen my*
*wang,*
*het ek futiel probeer*
*die kermgeluidjies keer;*
*die hongerkrampies wat ge-*
*knaag*
*het aan die holte van my*
*maag . . .*
*Ons broodtrommel het leeg*
*gebly;*
*aanhoudend het jul baklei,*
*gevloek, gesweer . . .*
*onverskillig my dieselfde*
*geleer . . .*
*Uit 'n hoekie het ek vrees-*
*bevange geloer*
*na waar my moeder bewuste-*
*loos kreun op die vloer . . .*
*totdat jou dronk gesnork ons*
*huisie vul . . .*

L. G. SHELDON.

# Ons Boekeblad

(Van bladsy 32)

man praat eers nie reguit nie, maar dwing hom om te sê dat hy haar lief het. Dan eers laat hy blyk dat hy dit ernstig oorweeg. Later praat hy van die „bruidspaar," noem Leonhard 'n bruidegom. As Egbert dan op die toneel verskyn sê hy vir Klara (met 'n vonkeling in sy oë):

„Flus was jy bang ek sou gaan, en nou is jy seker bang ek sal bly . . ." Dit klink nie waarskynlik nie.

So meen mens ook by Leonhard sekere inkonsekwensies op te merk. Hy is 'n man wat ingestel is op die bereiking van vooruitgang op die sosiale leer: Meester Anton se naam, sy invloed, die geld van Klara se bruidskat — dis dinge wat hom „nugter laat dink" om met Klara te trou. Gelukkig het hy haar darem nog lief ook! Later wanneer hy praat van „vrees vir 'n kletspubliek wat ek verag," dan weet ons dat dit onwaar is. Origens praat hy soms soos 'n grysе filosoof oor die „oordrag van kleure of drome."

Maar dit nou daar gelaat. Die hoofkarakter, Meester Anton, word deur sy blinde koppigheid, sy groot karaktersterkte wat uit 'n ou orde spruit, onverbiddelik voortgestuur op die pad waar die een ramp na die ander hom oorval, totdat hy op die ou end, soos 'n ou boom wat die storms getrotseer het, alleen oorgebly het om die bitterste wat daar in die lewe is, te trotseer. Die karakter van Klara wek ook ons meegevoel op. Sy beland in 'n situasie wat ons dikwels aangryp, veral omdat sy die noodlot letterlik in haar omdra wat met onverbiddelike groeikrag na die openbaring daarvan reik.

DIE uitgewers Culemborg het 'n baie netjiese stuk werk gedoen met Die Eerste Lewe van Colet deur Etienne Le Roux. Die werk is keurig versorg, hoewel die prys van 16/6 'n bietjie bo die sak van die gewone leser reik.

Die boek is die verhaal van 'n seun van die dae van sy eerste onskuldige verhouding met die teenoorgestelde geslag tot sy ontwaking en sy ontnugtering in 'n wêreld waarvan hy nie veel kon uitmaak nie. Die onmoontlikheid van die mens om suiwere verhoudings aan te knoop, word veral vir ons voorgestel in die persoon van 'n onderwyseres, Maria du Toit, wat van vroeg af baie belang stel in Colet. Sy is afgunstig op sy onskuldige verhouding met 'n skoolmeisietjie en agtervolg hom deur die jare . . . eers onder die dekmantel van beskermende liefde teen die bose lewe en later met brutale onthulling van haar doel. Die skrywer leef hom goed in in die karakter en sy drange, daar is realistiese beskrywings en die psigologie is dikwels waar. Soms daal hy egter tot die vlak van die alledaagse romannetjies. Dit is beslis nie nodig om hier na voorbeelde te soek nie, aangesien dit oral voor die hand liggend is: die betoënde trant en kwasi-uitbeelding.

'n Mens is geneig om baie hoë maatstawwe aan te lê wanneer jy die „advertensie" op die stofomslag gelees het. Die inset daarvan het 'n sterk klap van die skoktegniek van die moderne reklameplakkaat weg:

„Dit is 'n byna ongelooflike feit dat hierdie pragtige ryp boek die eersteling van 'n jong Afrikaanse skrywer is . . . Die verskyning van hierdie lewensware boek, is 'n gebeurtenis van betekenis in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde . . ." O ja, en dan ook nog voor ek vergeet: „Hy teken die dinge waaroor 'n mens in die algemeen liewer nie praat nie, in hul skokkende werklikheid en tog oorskry hy nie die grense van betaamlikheid nie."

Wat die „byna ongelooflike feit" betref, dit is van geen betekenis nie omdat dit gekanselleer word deur die pretensie dat die boek 'n „gebeurtenis in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde" is. Wat dié bewering betref, dit hang natuurlik af wat 'n mens as 'n „gebeurtenis van betekenis" beskou . . . en bowendien word niks bewys nie. Dan die derde bewering dat die „grense van betaamlikheid" nie oorskry word nie, dit hang natuurlik ook af van wat 'n mens beskou as betaamlik of nie. Ek ken mense . . . maar wag voor ons skinder . . .

As 'n mens die visier nie te hoog stel nie, kan die werk as geslaag beskou word, maar of dit nou wel „groot literêre skoonheid" besit, kan mens betwyfel want dan moet jy „groot" maatstawwe begin aanlê, die hoogste eise vir die roman en dit sou jy liewer nie wou nie.

MASKERS van die Erns is 'n bundel opstelle van N. P. van Wyk Louw en uitgegee deur Afrikaanse Pers Boekhandel. Daarin skryf Van Wyk Louw oor allerlei onderwerpe. Hy voer ons soms terug na die dae van die Voortrekkers en vra wat was die posisie van die kunstenaar onder hulle, die mense wat in ander omstandighede digters en komponiste sou gewees het? Behandel soms Bybelse onderwerpe ('n Myngedig in Afrikaans), bespieël oor sekere vrae soos bv. of die letterkunde vir die volk of die vakman is, oor oorspronklikheid in die kuns, oor filosofie, oor die Europese massamentaliteit, oor 'n Kersfees . . . ens.

Dikwels tref die heldere denke ons, die woord wat 'n innerlike waarheid blootlê, word ons geraak deur die skrywer se menslikheid of sy liefde vir sy land en sy eenvoudige bewoners. Soms tref hy met 'n kwinkslag of 'n onverwagte stoot met sy degen, bv. waar hy dit het oor sport verklaar hy: „Die mondvoetballer (d.w.s. die prater daaroor) is vir die sportman iets soos die skrywer van resensietjies vir die digter . . ."

Wanneer hy die Europese „massa" beskryf wat op 'n plein saamdring om 'n fees by te woon, dan dans hulle eers, maar later is dit hopeloos en hulle besef: „Ons het te veel geword, ons kan nie eers meer dans nie . . ." En dan kry die woorde vir ons 'n diep simboliese betekenis.

Die werk is netjies uitgevoer in 'n mooi, duidelike letter deur die Afrikaanse Pers. ★

Geur... gebru... reis... die ... 4711